

Sanlam-Staptoerklub

Program vir 2025

Kom verken die land saam met ons!

Gradering van roetes

By elke roete is 'n gradering wat uit 'n syfer en 'n letter bestaan (soos 1A of 2B).

Syfers = die fisieke moeilikheidsgraad van die roete

1. Maklike stap
2. Redelik
3. Veeleisend
4. Slegs vir uiters fikse mense

Letters = blootstelling aan hoogtes

- A. Geen blootstelling aan hoogtes
- B. Effense blootstelling aan hoogtes
- C. Redelike blootstelling aan hoogtes
- D. Groot blootstelling aan hoogtes

Belangrik: Hierdie dien net as 'n hulpmiddel. Sanlam-Staptoerklub kan nie 100% akkuraatheid waarborg nie. Die stapleier kan gewoonlik meer inligting oor die roete gee.

BLOUBERGSTRAND

Datum	Saterdag 11 Januarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 6 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:00 by Bloubergstrand
Stapleiers	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	1A (redelik, 8 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap.
Koste	Brandstofkoste R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Wynand sê: Ons eerste stap vir 2025! Kom stap saam by die see met hierdie lekker beginstap wat plat en kort is, en terselfdertyd die juwele in Bloubergstrand verken. Ons stap eers na eiland met laagwater. Trek dus klere aan wat kan nat raak. Dan stap ons noord, draai weer om en stap 'n paar kilometer suid. Ons gaan by deli koffie en 'n deeg ietsie koop vir teetyd langs die see (bring kaart of kontant). Sorg ook vir sonbeskerming en genoeg water. Na die stap kan ons by Onse huisie of Blue Peter koffie of bier geniet en die see verder bewonder.	

DURBANVILLE MEANDER

Datum	Saterdag 18 Januarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 6 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:30 by die Doordekraaldam (Angelierstraat, naby Majik Forest)
	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	2A (redelik, sowat 12 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap.
Koste	Geen permitkoste. Brandstofdonasie sal afhang van hoe ver jy moet ry. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Kobus en Edna sê: Ons stap deur die groenstrook in Doordekraal, Bellville – onder meer oor 'n paar koppies en deur die Majik Forest met sy netwerk van paadjies vir stappers en fietsryers. 'n Mooi stap hier op ons drumpel om die jaar op die spreekwoordelike pad te kry. Kom stap saam!	

BERGRIVIERDAM – STAP EN SWEM

Datum	Saterdag 25 Januarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 13 Januarie
Beginpunt- en tyd	Parkeerarea aan die bokant van die Bergrivierdam om 08:00: https://maps.app.goo.gl/QyQX3MXWNuWwLtmZ8
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	Graad: 2A (15 km, klimhoogte 330 m)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, sonbeskerming, windjekker, ens.
Koste	Permit: R80 kontant of Zapper / Snapscan. Brandstofdonasie R120. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner sê: 'n Lekker stap met plek om in die rivier te swem en af te koel. Ons stap eers met die oostelike kontoerpad langs om uitsigte te geniet oor die Robertsvlei area en Matoppie. Ons volg dan die paadjie	

tot waar ons die eerste rivier kruising kry. Ons kan so bietjie hier vertoef. Dan stap ons aan en neem die afdraai en sak af na die Bergrivier. Ons stap dan swem-swem tot by die wier waar ons dan die laaste swem doen voordat ons die laaste paadjie aanpak terug na die motors.

HOUWHOEK INN DAGSTAP

Datum	Saterdag 1 Februarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 20 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:30 by die Houwhoek Hotel – dit is so 'n uur se ry tot daar
Stapleier	Amanda Matthee by 0825703895
Graad	2A (redelik, 11 km, 440 m klimhoogte)
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, windjekker, ens.
Koste	Geen permitkoste. R120 brandstofdonasie (80 km x 2). Adminheffing R5 (lede) / R20 (besoekers).
Amanda sê: Nog 'n lekker stap om die jaar op die pad te kry en jou fiksheid op te bou. Die sirkelroete (stap kloksgewys) van 11 km begin by die Houwhoek Hotel en styg geleidelik 400 m tot op die hoogste punt. Die plantegroei is hoofsaaklik lae fynbos (geen skaduwee nie). Die paadjie is meestal jeep track. Ons kan na die tyd die stap afsluit met koue bier of koeldrank en iets te ete op die hotel se stoep.	

TULBAGH: MURLUDI – STAP EN VRUGTE KOOP

Datum	Saterdag 8 Februarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 27 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:30 op die Murludi-vrugteplaas buite Tulbagh
Stapleier	Freddie Pohl by 074 304 7678
Graad	3A (redelik, 10 km, 475 m klimhoogte)
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, windjekker, ens.
Koste	Permit R45 (kaart / Snapscan). Brandstofdonasie R150 (115 km x 2). Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Freddie en Susan sê: Die <u>Murludi-vrugteplaas</u> is 20 minute se ry noord van Tulbagh, in die vallei aan die voet van die Witzenberge. Die plaas verbou onder meer perskes, appelkose en pere. Die Elsbos-roete van 10,5 km sluit die korter Rivier-roete in en loop in die vorm van die syfer 8, eers deur die vrugteboorde met uitsigte oor die besproeiingsdam. Daarna klim ons gaandeweg en stap deur 'n welige fynbos-area met mooi uitsigte oor die vallei. Wanneer ons weer by die Rivier-roete aansluit, beweeg ons met plek-plek ligte klouter oor klippe ondervoet, langs die riviértjie af, terug aan die beginpunt. Die stap vind plaas tydens vrugte-oestyd. Murludi sal 'n week voor die stap bevestig watter vrugte dan te koop gaan wees op bestelling en teen watter pryse. 'n Opsionele stop agterna by Montpellier (vir wyn/koffie en heerlike pizza) word ook beplan.	

ALGEMENE JAARVERGADERING

Datum	Saterdag 15 Februarie 2025 om 11:00
Bespreek vanaf	Maandag 20 Januarie
Plek	Kaapzicht-wynplaas op die Bottelarypad (dieselfde afdraai as Mooiplaas)

Op die agenda	Kom kry jou boekieprogram met al die stapinligting (koste, roetebeskrywings, moeilikheidsgraad, ens.), help om die nuwe bestuur te kies, en kuier lekker oor kaasborde, pizzas en 'n glasier wyn of vrugtesap. Bespreek voor Maandag 17 Feb om 14:00 by Amanda Matthee by 082 570 3895 of amandam@mweb.co.za. Op die agenda: Ons gee 'n kort verslag oor die jaar wat verby is, kies die nuwe bestuur, en deel van boekie-program (met stappe se roetebeskrywings, afstande, koste, ens.) uit, verduidelik 'n paar van die langstappe en ander spesiale stappe, en deel die kilometer-wapentjies uit aan die langasems. Plek: Kaapzicht-wynplaas op die Bottelarypad (dieselfde afdraai as Mooiplaas). Hulle het 'n lekker breë stoep waar ons by lang tafels sit. Spyskaart: Kaasborde, pizzas, wyn en druiwesap Koste: R150 per persoon. Betaalbaar by die venue. Wie wil jy op 2025 se bestuur sien? Nominasies by amandam@mweb.co.za.
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895 of amandam@mweb.co.za
Koste	R150 per persoon, betaalbaar by die beginpunt

PAARL: PLAISIR DE MERLE (SIMONDIUM-PAD)	
Datum	Saterdag 22 Februarie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 10 Februarie
Beginpunt- en tyd	08:00 by die proelokaal
Stapleiers	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	2B (14 km)
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Stappermit R100. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Kobus en Edna sê: Ons stap 'n roete op die Plaisir de Merle wynlandgoed op die R45 tussen die Paarl en Franschhoek. Die roete teen die hange van Simonsberg word gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid fynbos, talle voëlsoorte en selfs kleiner boksoorte. Mooi uitsigte. Die roete vorm deel van die Banhoek-bewaringsarea.	

HELDERBERG: WESPIEK	
Datum	Saterdag 1 Maart 2025
Bespreek vanaf	Maandag 17 Februarie
Beginpunt	08:00 by <u>Helderberg Natuurreservaat</u> , Somerset-Wes
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	3C (sowat 12 km / 7 uur) – veeleisend
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	R30 hekgeld per persoon plus R20 per voertuig. R100 brandstofdonasie. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner sê: 'n Stewige dagstap wat by die Helderberg Natuurreservaat begin. Ons stap eers tot op die saaltjie en dan tot op die Wespiek (1003 m) vir 'n fantastiese uitsig oor die see tot by Kaappunt en omringende berge. Ons sal 'n behoorlike middete bo by die piek eet om die uitsig te geniet.	

MONTAGU-NAWEEK

Datum	Vrydagmiddag 7 – Sondag 9 Maart 2025
Bespreek vanaf	Maandag 6 Januarie
Stapleier	Freddie Pohl by 074 304 7678
Graad	Saterdag: 2A (10 km) en Sondag: 2B (7 km, 450 klimhoogte)
Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir 'n kampnaweek met 2 dagstappe. Bring dus jou kamptoerusting en 'n dagsakkie vir die dagstappe. Bring ook genoeg waterbottels vir die dagstappe, en goeie sonbeskerming. Wees voorbereid op enige weer.
Koste	Koste: Sowat R460 pp vir kamp-, admin- en permitgeld. R390 brandstofdonasie (162 km x 2; bereken op 2 betalende passasiers per motor; anders reël self onderling). Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).

Freddie en Susan sê: Hierdie is 'n sosiale naweek met die Montagu-karavaanpark as basis. Hier kan jy kamp, of in 'n karavaan of chalet bly. Ons doen twee dagstappe en braai elke aand. Saterdag (2A, 10 km): Ons stap die Drie Watervalle-roete. Die roete volg deel van die Bloupunt-roete deur die kloof tussen majestieuse berge deur, klipagtig vir middelste deel met 'n aantal kruisings oor die bergstroompies. Draaipunt by die laaste van drie skouspelagtige watervalle. Sondag (2B, 7 km): Aasvoëlkrans. Relatief kort stap met 450m klimhoogte na die hoogste punt van koppie wat uitsig oor die dorp en vallei om Montagu bied. Tussendeur verken ons Montagu.

VOLMAANSTAP – BOSCHENDAL TUSSEN PAARL EN FRANSCHHOEK

Datum	Donderdag-laatmiddag 13 Maart 2025
Bespreek vanaf	Maandag 3 Maart
Beginpunt- en tyd	18:45 by Boschendal (aan regterkant van pad)
Stapleiers	Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (maklik, 9 km, klimhoogte 200 m)
Groepgrootte	10
Inpak	Dagsakkie met piekniekkos, water, sonbeskerming, windjekker, FLITSLIG, stapstok, ens.
Koste	Permit R150 per persoon. Brandstofdonasie (38 km x 2) R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).

Gerrit en Mariette sê: Hierdie nuwe volmaanroete by Boschendal bied die mooiste uitsigte oor die berge by Franschhoek. Die sirkelroete begin by Boschendal (veilige parkeerplek) en klim baie geleidelik tot op 'n koppie met bome vol feetjieliggies. Dit neem sowat 1 uur om die 4 km tot by die uitkykpunt te bereik. Hier kry jy 'n glasier Boschendal-vonkelwyn en geniet jou piekniekkos terwyl jy wag vir die maan om op te kom. Daarna stap ons die sowat 4 km terug na waar die motors geparkeer is. Die roete is onlangs oopgestel en die organiseerders is baie vriendelike en behulpzaam – daar is selfs “plastiekgras” om op te sit op die koppie.

GROOT WINTERHOEK

Datum	Vrydag 21 (openbare vakansiedag) – Sondag 23 Maart 2025
Bespreek vanaf	Maandag 6 Januarie
Stapleier	Santie Kies by 082 299 1753
Graad	2B (36 km)
Groepgrootte	12

Inpak	Hierdie is 'n wildernis-stap en alles moet saamgedra word, soos vir 'n oornagstap, met tent, kos, water, reenjas, sonskerm, ens. Bring ook swemklere vir al die lekker poele langs die pad. 'n Soort van dagsakkie sal ook handig te pas kom vir ons dag-uitstappie na “Die Hel” se poel.
Koste	Stappermit: Sowat R360 (met Wildcard) / R500 (sonder Wildcard) – finale bedrag sal deurgegee word. Brandstofdonasie R400 (160 km x 2 = 320 km; bereken op 2 betalende passasiers per motor; anders reël self onderling). Adminheffing R15 (lid) / R60 (besoeker).
Santie sê: Dag 1 (14 km): Ons vertrek Vrydagoggend vroeg uit die Kaap na die Groot Winterhoek-natuurreservaat buite Porterville. Ons volg vir 'n paar kilometer die loop van die Groot Kliphuisrivier tot by “Die tronk”. Daarna is dit nog 1 km na ons oornagplek onder die groot akkerbome naby 'n waterstroom. Ons slaan daar tent op en dit dien dan as ons basis vir die twee nagte. Dag 2 (8 km): Ons pak dagsakkies met ons piekniek-kos en swemklere en stap sowat 4 km (ongeveer 1 uur) na “Die Hel”, die grootste (en mooiste) bergpoel in die Wes-Kaap. Dit is 'n “moet-sien”-ervaring. Ons kan daar kuier, swem en rondsit vir solank dit lekker is. Ons kan ook die rotstekeninge soek wat glo daar in 'n oorhang te siene is. Dan pak ons weer die pad aan kampplek toe en kan dan daar verder rustig verkeer. Dag 3 (14 km): Ons stap dieselfde roete weer terug na die motors. Daar is genoeg tyd om te vertoef by die twee groot mooi poele langs die pad. Dan ry ons rustig terug Kaap toe.	

JONKERSHOEK: JEEPPAD-SIRKELROETE	
Datum	Saterdag 29 Maart 2025
Bespreek vanaf	Maandag 17 Maart
Beginpunt- en tyd	08:00 by hek van natuurreservaat
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	1A (11 km, klimhoogte 156 m)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R60. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Ons parkeer by die ingang van die Jonkershoek-natuurreservaat en stap antikloksgewys al met die jeeppad langs tot weer by die hek. Ons halfpadmerk is die Witbrug – bring lekker koffie en broodjies. Dit is 'n maklike en toeganklike roete omring met pragtige berge. 'n Lekker herfsoggendstap.	

STELLENBOSCH: DEVONVALE PLAASSTAP	
Datum	Saterdag 5 April 2025
Bespreek vanaf	Maandag 24 Maart
Beginpunt- en tyd	Sal later bevestig word
Besprekings	Freddie Pohl by 074 304 7678
Stapleier	Christel Liebenberg, plaaslike gids en komiteelid van die Bavaria in die Devonvale-omgewing
Graad	2A (redelik, 10 km)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	R50 pp ten behoeve van die Bavaria en hul plaaslike skooltjie vir plaaslike inwoners. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Freddie en Susan sê: Ons stap onder leiding van Christel, wat 'n kenner is van die hele Bottelary Heuwels en Devonvallei se geskiedenis en plantegroei. Deur haar medewerking kan ons op privaatgrond van die wynplase stap, wat nie vir die algemene publiek beskikbaar is nie. Die roete kronkel deur die vallei met	

uitsigte oor wingerde en die sonderlinge Renosterveld wat onder beheer van 'n Bavaria is. Daar sal ook tyd wees vir 'n halfweghuis-stop by een van die plase in die omgewing. Wees gereed vir lekker klim, maar die pad is meestal jeep track en die omgewing asemrowend.

CHAPMANSPIEK

Datum	Saterdag 12 April 2025
Bespreek vanaf	Maandag 31 Maart
Beginpunt- en tyd	07:00 by parkeerarea vir Chapmanspiek in Noordhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (veeleisend, klimhoogte 551 m, 7 km)
Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir dagstap met sonbeskerming, kos, water, ens.
Koste	Brandstofdonasie R120. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker)
Werner sê: As jy 'n roete met fantastiese uitsigte oor die see en berge soek, sal jy dit op hierdie roete kry. Ons begin by Noordhoekstrand en stap tot by die eerste uitkykpunt waar ons ontbyt eet. Dan pak ons die roete tot by die piek aan, en af tot by 'n nekkie. Op pad terug stop ons weer by die uitkykpunt. Ons kan agterna 'n welverdiende bier by 'n restaurant daar naby gaan drink.	

BAINSKLOOF-STAP: DIENS LUIPERDKAMERA

Datum	Saterdag 19 April 2025
Bespreek vanaf	Maandag 7 April
Beginpunt- en tyd	07:00 by Eerste Tol, Bainskloofpas How to get to Eerste Tol: From Cape Town: Head out of Cape Town on the N1. Take the Stellenbosch / Klampmuts / Wellington turn-off. Take a left onto the R44. Follow this road into Wellington main street (Champagne Road). At the T-Junction, turn left into Piet Retief Road. Heading down the hill at the traffic light turn right into Kerkstraat / Church Street. At this traffic light you will see the church on your left. Turn right into Kerkstraat / Church Street and follow this road through the town. It will take you up the mountain to the Bainskloof Pass. Eerste Toll / First Toll is on the right-hand side of the road, just after McBains at the top of the pass. Look out for our sign on the right-hand side of the road. (There is an overhead structure across the road indicating maximum vertical clearance of trucks allowed in Bainskloof Pass – the turn-off to Eerste Tol is some 20 meters before you reach this structure.) Eerste Tol is about 20 minutes' travelling time from Wellington.
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	2A (500 m klimhoogte), 4 km tot by kamera (8 km in totaal)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens.
Koste	Geen permitkoste nie. Brandstofdonasie: R120. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Steph sê: Die Kaapse Luiperdtrust gebruik navorsing oor luiperds in die Kaapse berge vir die bewaring van luiperds. Sanlam-Staptoerklub ondersteun hierdie inisiatief deur 'n luiperdkamera te borg. Die kamera is in Februarie 2015 in Bainskloofberge geïnstalleer. Ons diens die kamera elke paar maande. Die Luiperdtrust kan baie inligting uit die foto's op die kamera aflei – soos hoeveel luiperds daar is (elke luiperd se kolle is uniek) en wat hul kondisie is. Sien http://capeleopard.org.za/research/leopard/boland .	

TSITSIKAMMA, OOS-KAAP	
Datum	Dinsdag 29 April tot Maandag 5 Mei 2025 (ry ingesluit)
Besprek vanaf	Maandag 20 Januarie
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2A (redelik, 62 km oor 6 dae)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir oornagstap, groot rugsakke. Slaap oor in hutte met matrasse. <i>Maak gereed vir enige soort weer.</i>
Koste	Permit R1500 pp. Pendeldiens van sowat R200 pp. Plus tolhekgeld van R67.50 per motor. Brandstofdonasie: R1400 (550 km x 2 = 1100 km; 2 betalende passasiers per motor; brandstof sal later fyner uitgewerk word en is dan gewoonlik minder). Oornagverblyf by Harkerville Forest Lodge na die stap: Rxxx. Adminheffing R25 (lid) / R100 (besoeker).
Werner sê: Hierdie roete het lang afstande per dag maar dit is nie tegnies moeilik nie. Dit is ook ideaal vir mense wat vir lang oornagstappe wil oefen, of van naweekstappe na langstappe wil vorder. Die Tsitsikamma is 'n eenrigtingroete van 61 km oor 6 dae (5 nagte) deur inheemse woude en bergfynbos. Die hutte en die roete is opgeknep en is regtig baie lekker. Daar is heerlike swemplek in rotspoele en riviere. Ons vertrek vroeg die Dinsdagoggend uit die Kaap en ry tot by Nature's Valley (De Vasselot-natuurreservaat) waar ons ons voertuie parkeer. Dan stap ons nog deur na die eerste oornaghut. Dag 1 – Dinsdag 29 April 2025: Ry uit Kaap tot by Nature's Valley en stap na Kalandershut: 3,6 km – sowat 1 uur 30 min se stap. Ons braai die aand. Dag 2 – Woensdag 30 April 2025: Kalandershut – Blaauwkranshut: 13,5 km – sowat 6 uur. Ons begin met 'n stywe klim om bo-op Douwurmknop te kom, swem in Tolbosrivier, Trappevalle. Die hut is op 'n afgrond gebou en het 'n 10-uit-10 uitsig. Dag 3 – Donderdag 1 Mei 2025: Blaauwkranshut – Keurboshut: 13,4 km – sowat 6 uur. Swem lekker in Waterwitelsgat. Loop deur Benebos. Dag 4 – Vrydag 2 Mei 2025: Keurboshut – Heuningboshut: 13,4 km – sowat 6 uur. Die paadjie neem ons deur Rusher Pass (rietepas) en Elandsbosrivier. Dag 5 – Saterdag 3 Mei 2025: Heuningboshut – Sleepkloofhut: 13,9 km – sowat 7 uur (langste dag). Dag met die lang opdraand - Nademaalsnek. Dag 6 – Sondag 4 Mei 2025: Sleepkloofhut – Stormsrivierbrug (Paul Sauerbrug): 3,2 km – 1 uur. Ons stap vroegoggend terug na ons motors. Ons bly die Sondagmiddag by die Harkerville Forest Lodge (13 km wes van Plettenbergbaai) oor en ry Maandag 5 Mei terug Kaap toe.	

TAFELBERG: ORANGEKLOOF	
Datum	Sondag 27 April 2025
Besprek vanaf	Maandag 14 April
Beginpunt	Constantianek om 07:30
Stapleier	Gerna Hough by 082 978 8611 (slegs WhatsApp teks-boodskappe)
Graad	2A (redelik), 8 km
Groepgrootte	12
Inpak	Dagsakke, genoeg water, sonbeskerming, eetgoed, windjekker
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Gerna sê: Dié roete word as een van Tafelberg se bes bewaarde geheime beskou. Dit is die enigste permitstap op Tafelberg omdat dit deur beskermde gebied loop. Ons stap onder meer deur die grootste inheemse woudgebied in die Kaapse Skiereiland (geen brand die afgelope 30 jaar) en stap af na die ou tunnelstelsel se ingang. Ons omdraaipunt is die Woodhead-damwal.	

POLKADRAAIPAD: ASARA-WYNLANDGOED

Datum	Saterdag 3 Mei 2025
Bespreek vanaf	Dinsdag 22 April
Beginpunt- en tyd	08:00 by Asara
Stapleiers	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	1A (redelik, 8 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens.
Koste	Brandstofkoste R50. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Wynand sê: 'n Lekker dagstap tussen die wingende deur met pragtige uitsigte oor Valsbaai en die Stellenbosch-berge. Meimaand het baie lekker stapweer.	

SOSYSKLOOF IN JONKERSHOEK, STELLENBOSCH

Datum	Saterdag 10 Mei 2025
Bespreek vanaf	Maandag 29 April
Beginpunt- en tyd	Jonkershoek-reservaat se hek om 08:00
Stapleier	Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (redelik, sowat 8 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R60. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Mariette sê: Hierdie skilderagtige sirkelroete in die Jonkershoekvallei buite Stellenbosch klim deur 'n kloof tot noord van Swartboskloof en loop deur kolle inheemse woud. Van daar loop dit oor 'n kontoer na Sosyskloof en dan na die uitkykpunt, en dan weer terug tot by die motors. (Daar is 'n koffiedrinkplek by die ingang van die natuurreservaat. Ons het laas na die stap hier gestop vir koffie en koek.)	

TAFELBERG EXTREME DAGSTAP

Datum	Saterdag 17 Mei 2025
Bespreek vanaf	Maandag 5 Mei
Beginpunt	06:00 vanaf Cecilia Forest se parkeerarea
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	4C, veeleisend, 17 km met 1100m+ klimhoogte
Groepgrootte	12
Inpak	Dagsakkie met kos, genoeg water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner sê: Ons begin reeds om 06:00 vanaf Kloofnek se parkeerarea. Ons stap met die paadjie op tot by Kloof Corner voordat ons die kontoerpaadjie volg tot by die begin van India Venster. Ons klim met India Venster op tot by die bo-kant van Platteklip Gorge voordat ons die voorste roete bo-op die berg aanpak na Maclearsbaken. Ons volg dan die Smuts Track en Echo Valley tot by Valley of the Red Gods. Ons stap verby Kasteelspoort met 'n vinnige stop by die ou kabelkarretjie en duikplank, asook Rendezvous Cave. Ons stap dan aan tot by Woody Ravine waar ons afsak tot op die Pipe Track. Die volg ons dan tot terug by die motors by Kloofnek.	

TAFELBERG: KABELKAR NA MACCLEAR'S BAKEN EN TERUG	
Datum	Saterdag 24 Mei 2025
Bespreek vanaf	Maandag 12 Mei
Beginpunt- en tyd	13:00 by onderste kabelkarstasie op Tafelbergpad (die kabelkarretjie se kaartjies is R60 goedkoper pp vanaf 13:00)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	1B (redelik gelyk, sowat 10 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Kabelkar-kaartjie (retoer) R370 vir volwassenes (of R130 vir pensioentrekkers). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Hierdie stap is onderhewig aan die weer. Teen Mei het ons gewoonlik pragtige windstil dae. Kom ons maak of ons toeriste is en ry met die kabelkarretjie tot op Tafelberg – dit is altyd 'n ondervinding. Ons begin by die boonste kabelkarstasie en stap al op die voorste tafel langs, deur Platteklipkloof se dippe tot by MacClear's Baken. Bring broodjies en koffie saam om hier saam met die uitsigte te geniet. Dan stap ons weer terug. Die roete is 10 km altesaam (2 uur se stap + tyd vir koffie by baken). Terug by die kabelkarstasie kan ons by die winkeltjie inloer en dalk koffie by die restaurant drink voor ons weer met die kabelkarretjie terugry.	

ARANGIESKOP, ROBERTSON	
Datum	Vrydagmiddag 30 Mei tot Sondag 1 Junie
Bespreek vanaf	Maandag 17 Februarie
Stapleier	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Beginpunt- en tyd	Vrydagmiddag by Dassieshoek se hut (6 km buite Robertson)
Graad	3C, veeleisend, 21 km, steil opdraandes, nimmereindigende afdraandes
Groepgrootte	8
Inpak	Soos vir oornagstap met oorslaap in hutte met matrasse. Kan albei aande braai. <i>Maak gereed vir enige soort weer en pak alles waterdig.</i>
Koste	Dassieshoek se hut R232 + Arangieskop se hut R195 + stappermit R72 + vuurmaakhout R10 = R509 (pryse word in Julie elke jaar verhoog – hierdie is dus nog nie finale bedrag nie). Brandstofdonasie (2 x 170 km = 340 km) R430 (met 2 betalende passasiers per voertuig). Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Dié sirkelroete is in die Langeberge noord van Robertson. Ons slaap die Vrydagaand by Dassieshoek se hut - sowat 6 km buite Robertson. Dag 1 (10 km, 6,5 uur) is byna heelpad opdraand tot by 'n 5-ster hut. Dag 2 (11 km, 6 uur) is afdraand in ongelooflike kloue af. Dit is dus belangrik om te sorg dat jy fiks en voorbereid is. Hierdie is beslis een van die mooiste en taaiste roetes in die Wes-Kaap. Arangieskop kry ook 10 uit 10 vir uitsigte – jy kyk af op berge. Pakstapfundi Mike Lundy sê as die Otter die koning van alle roetes in Suid-Afrika is, is Arangieskop die prins.	

BERGRIVIER – FRANKRYKRIVIERSKLOOF, FRANSCHHOEK	
Datum	Saterdag 7 Junie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 26 Mei
Beginpunt- en tyd	08:00 op Robertsvlei-pad buite Franschhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (redelik, 17 km)

Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens. Maak seker jy het genoeg warm klere en maak gereed vir enige weersomstandighede.
Koste	Permit R80. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner sê: Ons stap vanaf die hek by die Bergrivierdam en draai eers links om die boonste kontoer te vind. Hiervandaan loop ons dieper in voordag ons terugdraai tot by die wier. Hier steek ons die rivier oor voordat ons die roete aan die oorkant aanpak. Ons stap dan deur die drie klowe van die drie vertakkings van die Frankrykriver (Snake Alley Loop). Daar is ook 'n opsie van 'n bietjie rock-hopping vir dié wat daarvoor kan sien. Ons steek weer die Bergrivier oor en stap terug na ons motors. Swem en voete in die water sit is hier 'n goeie opsie.	

RHEBOKSKLOOF	
Datum	Saterdag 14 Junie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 2 Junie
Beginpunt- en tyd	Sal later deurgegee word
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2A (redelik, 10 km / 270 m klimhoogte)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R100 (R80 vir pensioentrekkers). Brandstofdonasie R80 (44 km x 2 = 88 km). Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Hierdie lekker dagstap op Rhebokskloof op die Noord Agter-Paarlpad bied 'n goeie 10 km-roete met mooi uitsigte oor die omringende berge. Net reg vir 'n wintersdag. Daar is wyne te koop. Ons kan ook na die tyd by die pizzeria op die plaas 'n draai maak.	

TAFELBERG: PLATTEKLIPKLOOF	
Datum	Saterdag 16 Junie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 2 Junie
Beginpunt- en tyd	08:00 by houthuisie by stapbeginpunt op Tafelbergpad
Stapleier	Abrie Marais by 082 578 3046
Graad	2B (5 km; 650 m klimhoogte)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Abrie sê: Dit is een van daardie roetes wat hoër voel as wat dit lank is. Maar as jy bestendig stap, sal jy bo uitkom. Die idee van warm koffie op die berg by die kabelstasie se restaurant is ook aanloklik. Die uitsigte vanaf Tafelberg se voorste tafel en vanaf die boonste rotsagtige deel van Platteklipkloof bly prentjiemooi. Goeie oefening vir die Visrivier Canyon.	

TAFELBERG: OVERSEER'S COTTAGE + DAGSTAPPE	
Datum	Vrydagmiddag 20 tot Sondag 22 Junie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 17 Maart
Beginpunt- en tyd	Reëlins word nader aan die tyd getref
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (redelik, 1 lang dagstap, 1 korter dagstap)

Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir 'n oornagstap met 'n groot rugsak om by die oornaghut uit te kom. Pak ook 'n dagsakkie in vir die twee dagstappe op die berg. Maak seker jy het genoeg warm klere en maak gereed vir enige soort weer. Die Overseer's Cottage het beddens met beddegoed en handdoeke, kombuis, storte, ens. Bring flitsligte en lampies. Ons moet charcoal tussen 16 van ons verdeel vir die twee aande se braai.
Koste	Permit R862 pp vir 2 nagte. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).
Werner sê: Julle weet daardie kliphuis op Tafelberg se agterste tafel waar ons altyd verbyloop (by die kraan waar ons altyd op die muurtjie sit) op pad om iewers op die berg te gaan stap? Ons gaan twee aande hier bly en dan dagstappe op die berg doen. Ons gaan dus luuks bly en lekker stap. En laatmiddag, wanneer al die dagstappers van die berg af is, het ons die hele berg vir onself. #Wêreldvrede. Die hut het beddens en beddegoed, en 'n kombuis met breekware, ens. Geen elektrisiteit, maar daar is 'n gasstoof, -yskas en -geysers. Ons kan vanaf 14:00 die Vrydagmiddag inklok. Die plan is om Vrydagmiddag vanaf Constantianek met die trappiespad op te stap en om Saterdag 'n goeie dagstap te doen. Ons kan Sondag 'n vroegoggend stap doen (ons moet 10:00 uit wees) voor ons weer terugstap met die trappiespad na Constantianek. Ons gaan reël om Vrydag ons voertuie iewers veilig te parkeer en dan 'n shuttle tot by Constantianek te neem. Maak nie saak wat die weer maak nie, ons gaan die meeste van hierdie fantastiese geleentheid maak!	

BOTTELARYHEUWELS: KOOPMANSKLOOF	
Datum	Saterdag 28 Junie 2025
Bespreek vanaf	Dinsdag 17 Junie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Koopmanskloof
Stapleier	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	2A (redelik, 13 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit: R50 pp. Brandstofdonasie afhangend van hoe ver jy moet ry. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Wynand en Madeleine sê: Die roete in die Bottelary-bewaringsgebied begin en eindig op die plaas Koopmanskloof. Die roete neem ons na die hoogste punt (476 m) in die bewaringsgebied met pragtige uitsigte vanaf Tafelberg tot by Paarlberg. 'n Heerlike dagstap hier op ons drumpel.	

VISRIVIER CANYON, NAMIBIË (5 dae)	
Datum	Vrydag 4 – Vrydag 11 Julie 2025 (rydatums ingesluit) (stap vanaf Sondag 6 Julie tot Donderdag 10 Julie)
Bespreek vanaf	Maandag 31 Maart
Staporganiseerder	Amanda Matthee 082 570 3895 (met Abrie Marais en Joubert Matthee as deel van reëlingskomitee)
Ryreëlings	Sal met stappers gereël word
Graad	2B (veeleisend, sowat 78 km oor 5 dae)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir oornagstap in wildernisgebied, met tent (opsioneel), matrassie, stofie, kos, windjekker, sonbeskerming, ens. Maak gereed vir enige soort weer – dit reën wel in die Canyon. PASPOORT is noodsaaklik.

Koste	Stappermit en kampgeld by Ai-Ais is sowat R900. Hekgeld by Hobas is R100. Sowat R400 pp vir die pendeldiens vanaf Ai-Ais tot by Hobas. Brandstofdonasie R1950 (1100 km x 2 = 2200 km; bereken met 3 betalende passasiers per voertuig). Adminheffing R25 (lid) / R100 (besoeker).
Amanda, Abrie en Joubert sê: Die Visrivier Canyon in Namibië is een van die stappe wat jy in jou leeftyd moet stap. Hoogtepunte is die canyon se wind- en waterverweerde rotsformasies, die warmwaterbron, wildernisatmosfeer, elke sonsopkoms en sonsondergang, en die totale afgesonderdheid van alles. Waar die Canyon op sy diepste is, het die natuurkragte graniete en gneisse van die vloerkompleks-gesteentes blootgelê wat meer as 1 800 miljoen jaar oud is. Jy kan 'n tentjie saamdra of buite slaap (hoewel dit in die canyon kan reën). Ons vertrek die Vrydag en ry met die N7 tot by Vioolsdrif waar ons deur die grens gaan en by die Oranjerivier oorslaap. Ons ry die Saterdag na Ai-Ais in Namibië. Ons slaan ons tentjies op, kry ons rugsakke reg, swem in die warmwaterswembad en braai die aand. Ons neem die Sondagoggend die pendelbussie na Hobas waar ons hekgeld van sowat R100 per persoon moet betaal en ook ons mediese vorms moet ingee. Die 5-dag roete: Dag 1 begin ons begin by die hoofuitkykpunt by Hobas en sak sowat 800 meter af na die canyonvloer. Daarna stap ons nog 'n ent voor ons kamp opslaan vir die aand. Dag 2 probeer ons gewoonlik by die Swawelbronne uitkom. Dag 3 begin die Cayon wyer raak en vat ons die eerste kortpaaie. Dag 4 stap ons verby Viervingerrots en slaap ons gewoonlik anderkant die laagwaterbruggie (en begin al uitsien na die bier op Ai-Ais se stoep). Dag 5 is dan die dag waarop ons klaar maak. Deesdae lui hulle 'n groot koperklok op die restaurant se stoep vir elke groep wat klaarmaak. Die tradisie is dan om 'n bier (of twee) op die stoep te drink en slap chips / toast broodjies te eet. Ons kamp die aand na die stap weer by Ai-Ais en kan die aand in die restaurant eet. Ons ry dan Vrydag 11 Julie terug Kaap toe. Ons hou duim vas dat daar vanjaar genoeg water in die canyon is.	

WINTERFUNKSIE: SPREKER EN LEKKER ETE	
Datum	Woensdagaand 16 Julie 2025 om 19:00
Bespreek vanaf	Maandag 9 Junie
Plek	Sal aangekondig word
Op die agenda	Spreker en lekker ete
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895
Vir saambring	Eie skottelgoed en drinkgoed
Koste	Koste sal later deurgegee word. Yoco-kaartmasjien by die deur.

MONT ROCHELLE: PERDEKOP	
Datum	Saterdag 19 Julie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 7 Julie
Beginpunt	07:30 by Mont Rochelle buite Franschoek
Stapleier	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Graad	3B (redelik, 13 km, 8 uur)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens. Sorg veral dat jy genoeg warm klere het.
Koste	Permit R70. Brandstofdonasie: R100 (2 x 65 km). Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Ons begin in die Franschoekpas stap in die Mont Rochelle Natuureservaat. Die roete neem ons verby die Wemmershoek Vallei en dan tot bo-op Perdekop. Stapafstand sowat 13 km oor 'n rustige 6 uur. Ongelooflike berglandskappe. As ons gelukkig is, stap ons in die sneeu.	

ZEVENWACHT, KUILSRIVIER	
Datum	Saterdag 26 Julie 2025
Bespreek vanaf	Maandag 14 Julie
Beginpunt	08:00 by Zevenwacht – http://zevenwacht.co.za/map/
Stapleier	Ari en Arina van Eck by 084 626 3301
Graad	Graad: 2B (redelik; 10 km)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens. Sorg dat jy genoeg warm klere het.
Koste	Stappermit R60. Brandstofdonasie R60 (afhangend van hoe ver jy moet ry). Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Ari en Arina sê: Die roete loop deur die wingerde op die Zevenwacht-landgoed by Kuilsrivier en bied pragtige uitsigte oor Tafelberg, Valsbaai, Gordonsbaai en Tafelbaai. Ons omdraaipunt is 'n klein lapa bo-op 'n koppie. Die 10 km in die buitelig is net wat jy nodig het om uit jou gewone naweekpatroon te kom. Daar is ook die opsie van 'n wynproe en platters met kouevleise en kaas.	

PAPKUILSVLEI, SANDVELD, REDELINGHUYS	
Datum	Saterdag 2 tot Sondag 3 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Dinsdag 12 Mei
Beginpunt	08:00 op die plaas Papkuilsvlei van Gys van Lill (1 km buite Redelinghuys)
Organiseerder	Santie Kies by 082 299 1753
Graad	2B (veeleisend, 16 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir naweekstap met 'n groot rugsak. Slaap oor in hut met beddens en matrasse.
Koste	Stappermit, oornagverblyf en hout sowat R440. Brandstofdonasie (2 x 185 km = 370 km) R330 (met 3 betalende passasiers per voertuig / of reël self). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Santie sê: Ons ry Saterdagoggend vroeg Sandveld en aartappelwêreld toe en kom op die plaas Papkuilsvlei naby Redelinghuys bymekaar. Ons begin die Saterdagoggend te stap. Die roete lyk aanvanklik maklik, maar dit klouter oor rotse en deur skeure en grotte om jou die mooiste van die gebied te wys. Party stappers noem dit "Klein Oorlogskloof". Die Sandveld is ook baie mooi in die blommetyd. Ons bly die Saterdagaaand oor by 'n gesellige kamp (met kamers, badkamers en 'n heerlike kuier-"sitkamer"). Ons kan die aand braai. Daar is warmwaterstorte. Die ligte en yskas werk met 'n kragopwekker.	

KIRSTENBOSCH: SILVERTREE-ROETE	
Datum	Saterdag 9 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Maandag 28 Julie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Kirstenbosch se Rycroft-hek (Hek 3)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (redelik; 11 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met sonbeskerming, kos, water, ens.

Koste	Toegang by Kirstenbosch R100. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker)
Amanda sê: Ons kom om 08:00 by die Rycroft-hek (Hek 3) bymekaar. Daar is parkeerplek aan die linkerkant van die pad – sien kaart hier: https://www.sanbi.org/wp-content/uploads/2018/11/Kirstenbosch-Garden-Map-2018-W.pdf. Die Silvertree-roete kombineer die mooiste van Kirstenbosch met 'n redelike klim tot op die 300-meter kontoerpad en dan 'n goeie afdraand tot weer in Kirstenbosch – 'n goeie 11 km se stap (en goeie oefening as jy op 11 Feb wil saam stap om disas te kyk). Ons eet middagete by die “scree belt” (strook klippe), wat fantastiese uitsigte oor die Skiereiland bied. Sien: https://www.sanbi.org/gardens/kirstenbosch/safety-on-the-mountain/nursery-ravine/silvertree-trail/	

PAARLBERG	
Datum	Saterdag 16 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Maandag 4 Augustus
Beginpunt- en tyd	07:30 by Paarlberg-natuurreservaat
Stapleier	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Graad	2B (sowat 18 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met water, sonbeskerming, kos, windjekker.
Koste	R100 brandstofdonasie. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Ons stap 'n lekker lang roete die Paarlberg-natuurreservaat wat ons verby al die hoogtepunte en uitkykpunte neem. Paarlberg staan 654 m bo seespieël en is bekend vir die drie reuse granietrotse wat omtrent 50 miljoen jaar oud is: Paarl-, Bretagne- en Gordonrots. Die kanon wat die aankoms van die handelsvaarders in die Kaap aangekondig het, is nog op Paarlrots. Die klim teen Bretagnerots is steil, maar daar is 'n ketting waaraan jy kan vashou. Op 'n helder dag sien jy Valsbaai en Tafelbaai, met Tafelberg en Leeukop in die verte. Paarlberg is in 1963 tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.	

BAINSKLOOF-STAP: DIENS LUIPERDKAMERA	
Datum	Saterdag 23 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Maandag 11 Augustus
Beginpunt- en tyd	07:00 by Eerste Tol, Bainskloofpas
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	2A (500 m klimhoogte), 4 km tot by kamera (8 km in totaal)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens.
Koste	Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker). Geen permitkoste nie.
Steph sê: Die Kaapse Luiperdtrust gebruik navorsing oor luiperds in die Kaapse berge vir die bewaring van luiperds. Sanlam-Staptoerklub ondersteun hierdie inisiatief deur 'n luiperdkamera te borg. Die kamera is in Februarie 2015 in Bainskloofberge geïnstalleer. Ons diens die kamera elke paar maande. Die Luiperdtrust kan baie inligting uit die foto's op die kamera aflei – soos hoeveel luiperds daar is (elke luiperd se kolle is uniek) en in watter kondisie hulle is. Sien http://capeleopard.org.za/research/leopard/boland.	

TAFELBERG: TWAALF APOSTELS

Datum	Saterdag 23 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Maandag 11 Augustus
Beginpunt- en tyd	08:00 by Oudekraalweg 37, Kampsbaai
Stapleier	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	2B (redelik), 14 km
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, genoeg water, kos, ens.
Koste	Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker). Geen permitkoste nie.

Kobus en Edna sê: Hierdie sirkelroete bied ongelooflike mooi uitsigte oor die Atlantiese kus bokant Oudekraalbaai en Cosy-baai. Die roete loop naby die Twaalf Apostels Hotel verby, deur pragtige fynbos en kolle inheemse woud, en verby reusagtige granietrotse met uitsigte oor Llundudno en Klein Leeukop. Dit is 'n onthoubare mooi stap.

ELANDSBAAI-NAWEEK

Datum	Vrydagmiddag 29 tot Sondag 31 Augustus 2025
Bespreek vanaf	Maandag 26 Mei
Stapleier	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Graad	2B (redelik, 1 lang dagstap, 1 korter dagstap)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 'n oornagstap waar ons kamp en dagstappe doen
Koste	Permit R210 pp vir kamp + R20 hout. Brandstofdonasie (220 km x 2 = 440 km) R550 (vir voertuig met 2 betalende passiers / sal minder uitwerk indien voertuig meer passasiers kan neem / sorteer onderling uit). Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).

Werner en Brenda sê: Elandsbaai is 'n vriendelike vissersdorpie aan die Weskus, sowat 220 km noord van Kaapstad. Ons kuier hier in die blommetyd wat dit baie spesiaal maak. Elandsbaai is bekend vir sy strande en surfers, en vir Verlorenvlei – een van die grootste riviermondings in die streek, met 232 verskillende voëlspesies, onder meer flaminke en pelikane. Ons kamp by die Elandsbaai Hotel (hulle het kampeergeriewe), doen twee dagstappe en verken die omgewing.

FRANSCHHOEK – BERGRIVIERDAM, ASSEGAAIBOSKLOOF

Datum	Saterdag 6 September 2025
Bespreek vanaf	Maandag 25 Augustus
Beginpunt	08:00 by Bergrivierdam
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (veeleisend, sowat 25 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R80. Brandstofdonasie R120. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).

Werner sê: Hierdie roete begin by die Bergrivierdam net voor Franschhoek en loop op in Assegaaiboskloof tot by 'n waterval (ons klim nie op tot by die Bergriviernek nie), voordat ons met dieselfde roete terugkom. Die roete is lank (goeie oefening as jy vir die Sederberge of Otter oefen) en indrukwekkend (omring deur Jonkershoek se berge). Jy sal die aand weet hoe fiks / onfiks jy was.

TAFELBERG: 5 DAMME

Datum	Saterdag 13 September 2025
Bespreek vanaf	Maandag 1 September
Beginpunt- en tyd	07:30 by Constantianek
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (trappiespad tot op jeeppad is, 15 km, klimhoogte 569 m)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos en iets warmes om te drink, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Kom ons gaan kyk hoe lyk die damme op Tafelberg in die winter. Ons stap op met die trappiespad en jeeppad tot op die agterste tafel en kyk hoe lyk die vyf damme op ons pad. Lekker dagstap om jou naweek die moeite werd te maak.	

SEDERBERGE – LANGSTAP

Datum	Saterdag 20 tot Woensdag 24 September 2025 (24 Sept = vakansiedag)
Bespreek vanaf	Maandag 9 Junie
Stapleier	Santie Kies by 082 299 1753
Graad	2B (44 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Dit is 'n wildernis-stap en alles moet saamgedra word – ook 'n tent, tensy jy verkies om onder die sterre te slaap. Dit is ook nog lekker koud in September in die Sederberge, so bring genoeg warm klere en 'n warm slaapsak. Die beplande roete en slaapplekke kan aangepas word afhangend van die weersomstandighede.
Koste	Stappermit: R680 (R170 x 4) (met Wildcard) / R1030 (sonder Wildcard) – presiese bedrag sal deurgegee word. Brandstofdonasie (235 km x 2 = 470 km) R600 (vir voertuig met 2 betalende passiers / sal minder uitwerk indien voertuig meer passasiers kan neem / sorteer onderling uit). Adminheffing R50 (lid) / R100 (besoeker).
Santie sê: Ons verken van die mooiste dele van die Sederberge met hierdie roete van 5 dae – met genoeg tyd om hierdie wildernisgebied te waardeer. Dag 1 (5.5 km): Ons vertrek Saterdagoggend vroeg uit die Kaap na Driehoek-plaas in die Sederberge, waar ons die motors onder die akkerbome parkeer. Stap vanaf parkeerarea bergop via Welbedacht, en kamp by die Panorama-grot. Daar is geen water naby nie. Sorg dus vir eie water vir die aand. Dag 2 (10.1 km): Stap vanaf Panorama-grot op na Sleeppad jeeppad. Stap tot by Sleeppadhut. Draai weg met voetpad na Eselbank se Hoek (Lauries Hell omgewing) en kamp daar naby rivier. Dag 3 (10.6 km): Stap vanaf Eselbank se Hoek, verby Sneekophut. Volg dan die sleepad tot by Engelsmanskloof en klouter daar af. Stap na “The Anvil” en kamp by die swempeel daar naby. Dag 4 (8.4 km): Stap vanaf die swempeel-kamppek terug, dan verby Crystal Pool hut en Crystal pools, af met Groot-Hartseer na Grootlandsvlakte. Kamp naby Muller se water. Dag 5 (9.4 km): Stap met jeeppad verby Middelberg-Suid terug na motors by Welbedacht.	

GROTTO BAY, MELKBOSSTRAND

Datum	Saterdag 27 September 2025
Bespreek vanaf	Maandag 15 September
Beginpunt- en tyd	08:00 by die Grotto Bay private natuurreservaat langs die Weskus
Stapleier	Freddie Pohl by 074 304 7678

Graad	2A (9 km)
Groepgrootte	24
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie (68 km x 2 = 136 km) R120. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker). Geen permitkoste.
Freddie en Susan sê: Ons stap 'n sirkelroete van 9 km in die Grotto Bay private natuurresewaat sowat 60 km noord van Kaapstad (28 km noord van Melkbosstrand) (moenie Grotto Bay verwar met Grotto Beach by Hermanus nie). Grotto Bay vorm deel van die Kaapse Weskus-biosfeer wat in 2000 deur UNESCO tot bewaringsgebied verklaar is. Ons stap ook 'n deel langs die see. Vir dié wat lus het – daar is 'n oulike eetplek by die Groote Post-wynplaas so 9 km verder. Ons kan agterna soontoe gaan vir iets te ete. Heerlike en besondere mooi dagstap langs die Weskus.	

BETTIESBAAI-NAWEEK	
Datum	Vrydagmiddag 3 tot Sondag 5 Oktober 2025
Bespreek vanaf	Maandag 14 Julie
Stapleier	Gerna Hough by 082 978 8611 (slegs WhatsApp teks-boodskappe)
Graad	Saterdag: 3A (lank en redelik maar nie groot klimhoogte nie, 24 km, 8 uur) + Sondag: kort stap (1A)
Groepgrootte	12
Inpak	Ons basis vir die naweek is 'n gerieflike huis in Bettysbaai. Pak in soos vir 2 dagstappe met braai elke aand. Bring eie slaapsakke en handdoeke.
Koste	Verblyf R417 + R20 hout. Brandstofdonasie (84 km x 2 = 168 km) R210 (vir voertuig met 2 betalende passiers / sal minder uitwerk indien voertuig meer passasiers kan neem / sorteer onderling uit). Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).
Gerna sê: Ons basis in Bettysbaai maak dit vir ons moontlik om die Saterdag een van die mooiste roetes in die Kogelberg-natuurresewaat te stap sonder om nog terug te ry Kaap toe die aand (hierdie roete word deur Werner Dalziel gelei). Die Sondag doen ons 'n kort dagstap. Saterdag (24 km, 8 uur): Die roete loop oor die berghange bokant Oudebosrivier, verby Oudebosch na Platbos en 'n kol oorblywende inheemse woud. Van Platbos volg die roete die een oorblywende spoor van 'n viertrekepad na Louwsbos en volg dan die loop van die Louwsrivier voor ons langs die oostelike hange van Dwarsberg na die beginpunt terugkeer. Hierdie roete is bekend vir sy fynbos (die resewaat lê in die hartjie van die Kaapse Blommeryk en bevat sowat 1 600 plantspesies) en uitsig oor die berge. Sondag: 'n Kort stap waarna ons oppak en rustig terugry Kaap toe.	

TAFELBERG: DUIWELSPIEK	
Datum	Saterdag 11 Oktober 2025
Bespreek vanaf	Maandag 29 September
Beginpunt- en tyd	08:00 op Tafelbergbergpad naby begin van Duiwelspiekroete
Besprekings	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Stapleiers	Werner Booyens en Brenda Sideratos
Graad	2B (veeleisend, klimhoogte 600 m), 10 km
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie, genoeg water, sonbeskerming, eetgoed, windjekker
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Ons ry met die Tafelberg-pad tot so 3 km anderkant die kabelkarretjie se onderste stasie. Dit is waar ons parkeer en waar die stap begin. Dit is 'n stewige klim met 'n sig-sag-paadjie tot bo-	

op Duiwelspiek. Maar die ongewone uitsig op Tafelberg, Leeukop, die stadskom en Robbeneiland maak dit die moeite werd en gee jou nogals 'n “sense of achievement”.

KLOOVENBURG, RIEBEEK-KASTEEL

Datum	Saterdag 18 Oktober 2025
Bespreek vanaf	Maandag 6 Oktober
Besprekings	Freddie Pohl by 074 304 7678
Graad	2B (redelik, 10 km)
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Toegangsgeld: R60 (dit is 'n vrywillige donasie om die staproetes verder te ontwikkel). Brandstofdonasie R120 (80 km x 2). Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).

Freddie sê: Kloovenburg is 'n wynlangoed in 'n vrugbare vallei aan die voet van die Kasteelberg net buite Riebeeck-Kasteel. Die plaas het 'n ryk geskiedenis en is die eiendom van Pieter du Toit, wie se pa en seun albei Springbok-rugbyspelers was/is. Ons begin en eindig by die Kloovenburg-wynkelder. Die eerste deel van die nuut-ontwikkelde roete loop met 'n redelike steilte teen die voet van die berg op, deur bosse op na 'n grot en 'n oopte met uitsig oor die hele Riebeeck-vallei, voordat mens die draai onder toe aanpak. Van daar af stap ons met 'n sirkelroete deur wingerde en olyfboorde, 'n uitsonderlike rots-olyfboom-kombinasie. Die laaste deel stap ons neffens die Malmesbury-pad terug na die beginpunt. Na die stap kan ons ontspan met 'n opsionele wyn- of olyfproe. Daar is ook oulike eetplekke wat ons kan verken.

HEXRIVIERVALLEI, WORCESTER: FONTEINTJIESBERG

Datum	Saterdag 18 tot Sondag 19 Oktober 025
Bespreek vanaf	Maandag 14 Julie
Vertrek	07:00 Saterdagoggend
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (veeleisend): 12,5 km x 2, klimhoogte 943 m
Groepgrootte	8
Inpak	Soos vir oornagstap met hut. <i>Maak gereed vir enige soort weer.</i>
Koste	Permit: R150 pp. Brandstofdonasie (89 km x 2 = 178 km) R225 (vir voertuig met 2 betalende passiers / sal minder uitwerk indien voertuig meer passasiers kan neem). Adminheffing R10 (lid) / R40 (besoeker).

Amanda sê: Ons stap hierdie roete met die vriendelike vergunning van die Bergklub van Suid-Afrika. Ons vertrek die Saterdagoggend om 07:00 na die Fairy Glen-landgoed in die Hexriviervallei sowat 5 km buite Worcester waar ons aanmeld en ons voertuie parkeer. Die stap is veeleisend, maar ons doen dit oor 2 dae. Sowat 6 uur se rustige stap per dag. Ons slaap Saterdagoggend in die Thomas-hut op 'n hoogte van sowat 1992 meter. Asemrowende uitsigte en 'n moeite-werd stap want daar is geen ander manier om hierdie mooi klowe te sien nie.

TYGERBERG-NATUURRESERVAAT

Datum	Saterdag 25 Oktober 2025
Bespreek vanaf	Maandag 13 Oktober
Beginpunt- en tyd	08:00 by reservaat se hek

Stapleier	Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (redelik, paar geleidelike opdraande, 11 km / 4 uur)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	water, sonbeskerming, reënbaadjie, kos, ens.
Koste	R30 toegangsgeld by hek. Brandstofdonasie R25. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker)
Mariette sê: Die 67-hektaar Tygerberg Natuurreservaat op ons drumpel bied mooi uitsigte, 158 voëlsoorte, 40 soorte skoenlappers, wildsbokkies, hasies, bergskilpaaie, en mooi renosterveld. Die 'tyger' in die naam kom van die Nederlands vir luiperd. Kolle vaalbruin gras word met grys-groen fynbos afgewissel – wat maak dat die plantegroei op die heuwels van ver af soos die kolle op 'n luiperd lyk. Goeie stap vir gesinne.	

BERGRIVIER: AFRIKAKOP, FRANSCHHOEK	
Datum	Saterdag 1 November 2025
Bespreek vanaf	Maandag 13 Oktober
Beginpunt- en tyd	07:30 op Robertsvlei-pad buite Franschhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (veeleisend, 19 km, 1108 m klimhoogte)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, windjekker, ens.
Koste	Permit R80 (kontant of Zapper / Snapscan). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Werner sê: Hierdie stap begin by die Bergrivierdam buite Franschhoek en loop deur die Banhoekberge tussen Stellenbosch en Franschhoek. 'n Asemrowende stap – letterlik en figuurlik – maar die uitsigte is die moeite werd. Sien video by https://www.youtube.com/watch?v=oSRFmb7BaUE .	

TAFELBERG: ROOIKAT RAVINE EN KURKWOUDE	
Datum	Saterdag 8 November 2025
Bespreek vanaf	Maandag 27 Oktober
Beginpunt	07:30 by Cecilia Forest se parkeerarea by https://goo.gl/maps/9JGQRNWCAFPmNPwa8
Stapleier	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	1A, gemaklike 8 km
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Kobus en Edna sê: Ons begin om 08:00 te stap vanaf Cecilia Forest se parkeerarea. Ons stap eers op tot by die kontoerpaadjie en dan aan tot by die afdraaipad na Kirstenbosch. Hier draai ons egter links en klim met 'n hele paar trappe die berg uit totdat ons weer begin afdaal na Cecilia-waterval. Ons stap dan voort tot by Constantianek voordat ons weer terugdraai. Ons stap deur die Kurkwoud tot terug by die begin. Dit is 'n gemaklike 8 km.	

SEEPUNT-STAP

Datum	Saterdag 15 November 2025
Bespreek vanaf	Maandag 3 November
Beginpunt- en tyd	07:00 by Queen's Beach parkeerarea, Seepunt
	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	1A (redelik, 11 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap.
Koste	Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Kobus en Edna sê: 'n Lekker stap langs die see met mooi uitsigte oor die Twaalf Apostels-berge en die Atlantiese Oseaan (en van die duurste huise in die land). By Bakoven eet ons ontbyt op die groot plat rotse en stap dan rustig met dieselfde paadjie terug. (Daar is geleentheid vir swem langs die pad vir diegene wat kouewaterterapie beoefen!) Ons behoort teen 13:00 terug te wees by die motors.	

JAAREINDFUNKSIE

Datum	Saterdag 22 November 2025
Bespreek vanaf	Maandag 20 Oktober
Plek	Word later bekend gemaak
Op die agenda	Bekendstelling van 2026 se stapprogram (sodat jy volgende jaar se stappe kan beplan), lekker eet en kuier. Meer besonderhede word later deurgegee.
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895

OTTER-VOETSLAANROETE, SUID-KAAP

Datum	Maandag 24 tot Vrydag 28 November 2025 (stapdatums)
Bespreek vanaf	Maandag 18 Augustus
Stapreëlings	Elvin en Carine van Zyl
Graad	2B (veeleisend, 41 km oor 5 dae)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 5-dag stap met oornaghutte met beddens en matrasse. Survival bag en tou vir rivierkruisings. Slegs bio-afbreekbare seep. SA ID-dokument. <i>Wees voorbereid op enige soort weer.</i>
Koste	Koste: Otter-permit R2118 per persoon. Plus daaglikse bewaringsfooie van R82 per dag (maar as jy Wildcard het, betaal jy geen bewaringsfooie nie; bring egter jou Wildcard en SA ID saam). Vervoerkoste (shuttle) na beginpunt: ± R200. Oornagverblyf voor en na die stap (2 aande): ± R500. Brandstofdonasie R1400 (615 km x 2 = 1 230 km). Adminheffing R25 per lid / R100 per besoeker.

Elvin en Carine sê: Jy moet ten minste een keer in jou lewe die Otter stap! Ons vertrek vroeg die Sondagoggend (23 November) en ry tot by Nature's Valley. Ons reël blyplek vir die aand voor die stap, en die Vrydagaand na die stap. Ons stap van Maandag 24 tot Vrydag 28 November. Ons ry rustig Saterdag 29 November terug Kaap toe. Die Otter-voetslaanpad in die Tsitsikamma Nasionale Park is die eerste amptelike voetslaanroete in Suid-Afrika. Dit is in 1968 geopen, en loop van die Stormsriviermond weswaarts tot by Nature's Valley (De Vasselot-kampterrein). Dit is een van die skouspelagtigste kusstroke in die land en is bekend vir sy kuswoude, reusebranders, afgesonderde baaie en 'n kusplato bedek met heide en proteas.

- Dag 1: 4,6 km – sowat 3 uur. Vanaf Stormsrivier-kampeerterrein tot by Ngubu se hutte. Stap verby mooi waterval waar ons kan swem.
- Dag 2: 7,9 km – sowat 6 uur. Van Ngubu se hutte – Scott se hutte. Kruis Kleinbosrivier, stap verby Bloubaai en Skilderkrans.
- Dag 3: 7,7 km – sowat 4 uur. Van Scott se hutte na Oakhurst se hutte. Kruis Geelhoutbosrivier, Elandsbosrivier, Lotteringrivier (survival bags soms hier nodig).
- Dag 4: 13,8 km – sowat 8 uur. Van Oakhurst se hutte na André se hutte. Kruis Witelsrivier, Bloukransrivier (net voor 10 km merk) (survival bags nodig vir ingeval). Dit is sowat 4 uur se stap van Oakhurst na Bloukransrivier. Dit is sowat 2 uur se stap van Bloukransrivier na die oornaghut.
- Dag 5: 6,8 km – sowat 3 uur. André se hutte na Nature's Valley. Kruis die Kliprivier en klim tot op die rand van die koppies. Loop op die plato tot jy uiteindelik weer by die strand uitkom, en loop dan seelangs tot by Nature's Valley.

Belangrik: Onthou jou ID-boek. Slegs bio-afbreekbare seep op roete toegelaat. Ons sal nader aan die tyd inligting oor die getye bekend maak vir die rivierkruisings.

WYNKELDERSTAP

Datum	Saterdag 29 November 2025
Bespreek vanaf	Maandag 10 November
Beginpunt	Tyd en plek sal later deurgegee word
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	1A (redelik)
Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir 'n dagstap met water, sonbeskerming, kos, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Steph sê: Hierdie toer is baie gewild en dit sal ons 18de wyntoer wees. Dit is die ideale geleentheid om meer van ons omgewing se wynroetes uit te vind en om interessante nuwe wyne te proe en aan te koop.	

KLEIN ROOSBOOM: "PARTY BIKE"

Datum	Saterdag 6 Desember 2025
Bespreek vanaf	Maandag 24 November
Beginpunt	Tyd en plek sal later deurgegee word
Stapleier	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	1A ("fietsry" deur die wingerde)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 'n dagstap met water, sonbeskerming, kos, ens.
Koste	R250 pp. Brandstofdonasie – afhangend van hoe ver jy moet ry. Adminheffing R5 (lid) / R20 (besoeker).
Wynand sê: Hierdie is 'n heerlike sosiale "fietsrit" op 'n "party bike" (maksimum spoed 8 km per uur!) waarop 12 mense vir 2 uur lank deur die wingerde op die wynplaas Klein Roosboom kan ry, met wyn en musiek (en plek vir jou selfoon) daarby. Ons kan agterna by Klein Roosboom gaan koffie drink.	

LIDMAATSKAP EN ALGEMEEN

- **Lidmaatskap 2025:** R100 vir die hooflid en R70 per gade en/of elke afhanklike kind bo 18. Elkeen moet 'n lidmaatskapvorm invul. Lidmaatskap hou baie voordele in: Jy kry 'n stap-infrastruktuur met 'n jaarprogram en stapleiers wat ervare is, voorkeur op besprekingslyste bo besoekers, 'n kleiner administratiewe heffing (R5 per dag teenoor R20 per dag vir besoekers. Die Stapklub se lidmaatskapvorm is by www.sanlamstaptoerklub.co.za.
- **Programwysigings:** Die program kan sonder voorafkennisgewing verander word. Maak dus altyd seker van die datum, tyd, roete, vertrekpunt en koste. Die volledige program is vanaf die begin van die jaar of by die algemene jaarvergadering beskikbaar. Dit is die beste om te sorg dat ons jou e-posadres het sodat jy ons e-nuus kan kry – die jongste inligting is altyd in die e-nuus en/of op ons webwerf.
- **Koste:** Permitgeld (indien van toepassing), brandstofdonasie (dagstapformule met 4 mense per motor, oornagstapformule met 3 mense in motor), verblyf (indien van toepassing), en administrasieheffing van R5 per lid per dag of R20 per besoeker per dag. Adminfooi vir kinders onder 12 = R5 per dag.
- **Ander datums:** Paasnaweek 19 - 21 April. Moedersdag Sondag 11 Mei. Vadersdag Sondag 15 Junie.

HOE OM TE BESPREEK VIR 'N STAP

- **Wanneer:** Besprekings vir oornagstappe open 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings vir dagstappe open 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.
- **Lede en nie-lede:** Op alle oornagstappe met 'n beperkte getal persone kry lede vir die eerste twee weke voorkeur bo nie-lede. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal indien jy nie wil afskuif op die lys nie!*
- **Prosedure:** Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* die oggend begin bel (slegs na selfoon) op die dag waarop die besprekings open om jou naam op die besprekingslys te kry. Vir alle stappe met 'n beperkte getal persone mag jy net vir twee mense bespreek. E-pos-, WhatsApp- en SMS-boodskappe word aanvaar maar onthou dat die telefoonoproep en stemposse eerste afgehandel word in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. *Bel dus liever en hou die stemposse kort! Enige stemposse en oproepe vóór 07:00 skuif na die einde van die lys.* Plek op 'n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal dan so gou doenlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.
- **Jou verantwoordelikheid:** Jy kan tydens die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar 'n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en stapleier aanvaarbaar is.
- **Fiksheid vir veeleisende stappe:** Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg en voorbereid is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.

HOE OM STAPGELD TE BETAAL

- **Internetbetalings in die “62-rekening”:** First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir stapgeld:** Stuur aan André Venter by andre@matimbers.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling:** jou naam en van + die stap se naam (bv. Piet Smuts Kaappunt)

HOE OM LEDEGELD TE BETAAL

- **Internetbetalings in die “62-rekening”:** First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir ledegeld:** Stuur aan Steph du Toit by steph@esef.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling:** jou naam en van + ledegeld (bv. Piet Smuts ledegeld)

www.sanlamstaptoerklub.co.za | Selfoon 082 570 3895 | amandam@mweb.co.za

Kom verken die land saam met ons!

